UIT DIE SERNICK-KRAAL

Van Sernick aan jou

Beesvleisproduksie en -verbruik van nou tot 2026

Wisselende prys- en produksiefaktore sorg vir riskante en onstabiele winsmarges in die beesvoerkraalbedryf. Klein ekonomieë van skaal het baie min invloed op in- en uitsetpryse, maar dit bly steeds belangrik om 'n vooruitskatting te doen vir beplanning en om geleenthede en uitdagings vroegtydig te identifiseer.

Beesvleisproduksie versus verbruik

Volgens *Figuur 1*, wat deur die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) saamgestel is, is dit duidelik dat die beesvleisverbruik tot 2017 hoër as die produksie was. Die vooruitskatting van BFAP is dat die plaaslike verbruik as gevolg van verskeie redes met 19% gaan verhoog. Dié redes sluit in bevolkingsgroei, die skuiwing van LSM-groepe en die mededinging van sekere beessnitte met hoender as proteïenbron. Die produksie gaan die verbruik na verwagting oorskry, wat beteken dat 'n geleentheid vir uitvoere kan ontstaan.

Figuur 1: Beesvleisproduksie versus verbruik.



Karkasprys teenoor speenkalfprys

Figuur 2 dui daarop dat die verhouding tussen die karkasprys en speenkalfprys verhoog en hoog gaan bly, wat druk op die voerkraalwinsmarges plaas. Die klem val dus op die optimalisering van voerkraalprestasie. Optimaliseer die faktore wat in jou beheer is, naamlik genetika, groei, voeromsetdoeltreffendheid, vrektes, siektetoestande, uitslagpersentasie, klassifikasie en bemarking.

Dit is positief vir die bedryf dat die vraag na rooivleis styg en dat realistiese winsmarges moontlik is, veral met presisieproduksie. Om net die basiese reg te doen, is nie goed genoeg nie – optimaliseer dit. VP

Figuur 2: Karkasprys teenoor speenkalfprys.



Kontak ons gerus vir meer inligting.
Phillip Oosthuizen: Hoof van Ekonomie en Navorsing.
Sel: 076 901 8763 I Epos: phillip@sernickgroup.co.za
Webtuiste: www.sernick.co.za